



Jesus Regeer die Wind en die See

Die see van Galilea is 'n groot blou meer. Jesus het daarvan gehou om daar by die meer te loop. Sy dissipels het saam met Hom geloop en daar langs die strand het Hy hulle baie dinge oor God geleer.

Eendag het daar 'n menigte mense gekom om na Hom te luister.

Hy sê toe vir Petrus: "Stoot jou skuit in die water. Ek wil daar in die skuit gaan sit en die mense kan op die strand staan en luister."

Die *hele dag* het hulle daar gesit en na Hom geluister. Toe die son begin sak, het hulle huistoe gegaan. Jesus was baie moeg.

Hy sê vir sy dissipels: "Laat ons na die oorkant van die meer gaan."

Die dissipels klim toe saam met Jesus in die skuit. Hulle het die seile gespan en na die oorkant van die see gevaar. Jesus was so moeg, hy het op 'n kussing in die skuit gaan lê, en aan die slaap geraak.

Die oorkant van die meer was ver. Toe die son ondergaan en dit nag word, was die dissipels nog steeds besig om te vaar.

En toe begin die wind skielik waai. Die wind waai *sterk* en hoë branders slaan teen die skuit

vas. Die dissipels word baie bang dat hulle skuit sal omslaan. Hulle roei en roei, maar die golwe was so groot dat hulle skuit vol water word. Hulle kon nie by die oorkant *kom* nie.

En Jesus? Hy was nog steeds vas aan die slaap!

"Ons moet Jesus wakker maak!" sê hulle bang. En hulle roep Hom: "Meester, Meester, gee u nie om dat ons *almal* gaan verdrink nie?"

Jesus maak toe sy oë oop. Hy gaan sit regop en sien die woeste golwe. Hy sien hoe sterk die wind waai en die skuit amper *vol* water is.

Maar *Hy* was nie bang nie. Hy het regop gaan staan en die wind en die water *bestraf* en gesê: "Wees stil!"

Dadelik het die wind opgehou waai en die golwe het nie meer teen die skuit geslaan nie!

Die dissipels was so verbaas, hulle kan nie glo wat gebeur nie! Hulle sê vir mekaar: "Wie *is* Hy tog dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam is?"

Daar is niemand anders wat die wind laat ophou waai en die golwe laat bedaar nie.

Gesels hieroor:

1. Gehoorsaam die wind en die water vandag nog steeds vir Jesus?
2. Waarom is alles aan Hom gehoorsaam?

Kom ons leer die woorde wat die dissipels gesê het: "*Wie is Hy tog dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam is?*"

Wat ons kan lees:

Markus 4:35-41

'n Lied om te sing:

Die golwe, wild en groot
het ons so skrik gemaak.
Ons skippie was in bange nood,
Maar ons het vrygeraak.

Die see erken die HEER
So groot in Heerlikheid.
Die wind en water buig hul neer
Voor God se majesteit.

Want Jesus spreek 'n woord,
Die storm word weer stil.
Ja, alles in die groot heelal
Moet luister na sy Wil.

'n Gebed:

Here Jesus, help ons aseblief om nooit bang te wees nie. Help ons om te glo dat ons altyd veilig is as U naby ons is. Self die wind en die see is vir U gehoorsaam, en ons weet U sal altyd vir ons sorg. Amen.

Marian Schoolland

© 2019
www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*